

Die krag van goeie nuus

Evangeligie beteken “goeie nuus”, “blye boodskap”! Vir ons is die evangelie die beste nuus wat ons ooit sal hoor. Die boodskap se inhoud handel oor Jesus Christus.

Paulus sê dat die evangelie dinamiet is. Dit is ’n krag van God tot redding van elkeen wat glo. Geen geld of goed of skepsel kan aan jou die redding gee nie. Die redding is onkoopbaar en kan nie verdien word nie. Niks wat op hierdie aarde bestaan kan daarvoor betaal nie. Jy ontvang die redding uit genade deur die geloof in Jesus Christus. Jy kry deel aan hierdie geweldige krag deur te glo. Dit geld vir alle mense, Jode en nie-Jode. As jy hierdie geweldige krag van die evangelie besef, kan jy jou nie daarvoor skaam nie. Jy kan nie anders as om met oneindige blydschap in God daarvoor te jubel nie. Die invloed van die evangelie raak ook jou lewe van elke dag, oral waar jy jou bevind, beweeg en werk.

In die evangelie wys God dat Hy die volle straf vir jou sonde op Christus geplaas het. Daardeur het Christus vir die sondaar versoening en verlossing gebring, enkel en alleen omdat hy glo! Hoor die versekering, die goeie nuus (vs 17): “Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe.” Besef jy werklik wat die evangelie inhou? Jy is gered omdat jy glo! Jy ontvang die ewige lewe deur die geloof. Dit alles is God se genade vir jou.

Leef vandag uit dankbaarheid daarvoor, veral wanneer Paulus jou aan God se liefde herinner (Rom 8:5): “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.”

Sing: Skrifberyming 33:1-3

Ds. W Vogel (Cachet)